# Klaskamers sonder mure

VERKEN - ONTDEK - LEER - LIEFDE

## Kom saam met ons op 'n opwindende ontdekkingsreis na die fassinerende wêreld van vlermuise!

Hallo, en welkom by Klaskamers sonder mure - jou prettige avontuur in die geheime lewens van vlermuise! My naam is Spike en ek is 'n losstertvlermuis. Dit is wonderlik om 'n mens te ontmoet wat so in vlermuise belangstel. Ek sien uit daarna om vir jou meer te vertel oor vlermuise, om saam pret te hê en om jou aan van my beste vriende voor te stel!

Ons vriende by Bats without Borders het dit geniet om saam met my te werk om 8 lekker lesse vir jou te skep. Wil jy weet wat jy in die lesse gaan leer?



### Hier is die lys van wat voorlê!

Les 1

**Wat is 'n vlermuis?**
Vind meer uit oor vlermuise en wat hulle so spesiaal maak.

Les 2

**Vlermuis diversiteit**
Leer oor die verskillende soorte vlermuise en hoe verskillend hulle almal is.

Les 3

**Waar bly vlermuise?**
Ontdek waar verskillende vlermuise woon (en 'n paar ongewone plekke wat hulle huis noem!).

Les 4

**Wat eet vlermuise?**
Vind meer uit oor al die kos waarvan vlermuise hou (is daar iets waarvan jy ook hou?)

Les 5

## Vlermuis babas

Vind uit oor vlermuisbabas en wat ons hulle noem!




Les 6

## Fantastiese vlieërs

Ek wed jy wens jy kon vlieg?
Vlieg is nog 'n rede waarom vlermuise so cool is.

Les 7

## Bedreigings vir vlermuise

Leer meer oor die redes waarom vlermuise in die moeilikheid is.

Les 8

## Wat jy kan doen om vlermuise te help!

Vind maniere waarop jy betrokke kan raak en vlermuise kan help.

IN hierdie 8 lesse gaan ons vir jou baie oulike dinge van vlermuise vertel, maar om jou bietjie van 'n voorsmakie te gee oor wat hier aan die kom is, hier is 5 prettige feite oor vlermuise:

1. Ons kan vlieg!
2. Ons kom byna oor die hele wêreld voor!
3. Sommige van ons gebruik 'n gawe truuk genaamd eggolokasie om ons pad te vind (dink daaraan as 'n klankprent).
4. Ons bestaan al lank!
5. Sommige van ons hou daarvan om onderstebo te hang (soos ek)!



## Vlermuise en mense is in sekere opsigte dieselfde...

"Ek het meer oor mense uitgevind, en sjoe, jy is regtig 'n bietjie vreemd! Ek was bly om te hoor dat jy jou babas melk gee, dit is een van die dinge wat ons WEL in gemeen het. Vlermuise en mense is albei soogdiere."

Bats without Borders.org

# Hoe verskil vlermuise en mense? Wil jy weet hoekom ek mense 'n bietjie vreemd vind?



Ek het nogals vreemde dinge oor mense gehoor. Is dit regtig waar dat mense....





... wakker is as die son skyn en slaap as dit donker is?
(dit is agterstevoor om vir my!)

... nie kan vlieg nie?!









... op hul voete loop met hul koppe regop, in plaas daarvan om met hul koppe na onder, aan hul voete, te hang?

... met hul oë sien en nie kan eggolokeer nie?



... kan sing en praat, maar kan net laer klanke maak en nie die hoë klanke wat ons vlermuise kan maak of hoor nie?

Bats without Borders.org

Ek het so baie om te leer oor mense, maar sjoe, jou lewe lyk vreemd en baie anders as myne!

# Ontmoet 'n paar van my vlermuis maats!



Tydens ons lesse sal van my vlermuis maats ons kom help. Haai fantastiese vlermuise, wil julle julself voorstel?!



Hallo, ek is Zeke (met die baie hoë piep). Ek is dalk baie klein, MAAR ek het DIE hoogste toonhoogte-eggolokasie-roep van al die vlermuise in Suider-Afrika (ongeveer 210 kHz). Dit is tien keer hoër as wat enige mens kan hoor.
Ek is 'n Percival se Drietand-bladneusvlermuis. Ek is vernoem na 'n wetenskaplike wie se van Percival was. Ek het kort (maar pragtige) ore en drie klein neushorinkies op my neusblaar wat bietjie soos 'n drietand vurk lyk.

Hallo daar! Ek is Avnaya, ek is 'n geelvlerkvlermuis. Ek wed jy het gedink alle vlermuise is bruin en vervelig. Nie ek nie, ek is groot, helder en mooi!





Hi! Ek is Logan, 'n baba Botswana langoorvlermuis. Ek spandeer my tyd onder my ma (Bongi) se vlerk om melk te drink. Ek het nog nie baie hare nie, maar dit sal groei. Vanaf vier weke oud leer ek vlieg en dan begin ek insekte vang. Ek hoop ek sal goed vlieg teen die tyd dat ek ses weke oud is en dan sal ek nie meer melk nodig hê nie.

Bats Without Borders.org



Jou beurt!

## 'n Lekker aktiwiteit vir jou:

Kan jy die verskille raaksien?
Daar is 5 verskille tussen die twee prente hieronder, kyk of jy dit kan kry!





Bats without Borders.org